# Landswapen



'n Landswapen is soos die handtekening van 'n land. Wanneer ons ons landswapen op 'n boek of verslag sien, weet ons dit kom van die Suid-Afrikaanse regering af. Ons landswapen bevat baie simbole. Elkeen het ' n spesiale betekenis.

Die opkomende son, wat lig en lewe beteken.

'n Sekretarisvoël met oopgespreide vlerke. Hy hou wag oor ons nasie.




'n Proteablom, wat die skoonheid van die land simboliseer.

'n Spies en knopkierie in 'n rustende posisie, om te wys dat daar vrede in die land heers.

Olifanttande, wat ons wysheid simboliseer.

'n Skild, wat wys dat ons gereed is om wat ook al gebeur, te hanteer.

Koringare vir die vrugbaarheid van ons land, wat dit vir ons moontlik maak om genoeg kos te kweek om te eet.

Twee San-rotstekeninge, om ons aan die eerste mense wat in ons land gewoon het, te herinner.

Ons slagspreuk, Ike e:/xarra//ke, wat in die taal van die Khoisan "verskillende mense verenig" beteken.

# Volkslied → Nkosi Sikelel' iAfrika "God seën Afrika"

Xhosa

Nkosi sikelel' iAfrika
Maluphakanyisw' uphondo lwayo,

Zulu

Yizwa imithandazo yethu,
Nkosi sikelela, thina lusapho lwayo.

Sotho

Morena boloka setjhaba sa heso,
O fedise dintwa le matshwenyeho,
O se boloke, O se boloke setjhaba sa heso,
Setjhaba sa South Afrika - South Afrika.

Afrikaans

Uit die blou van onse hemel,
Uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes,
Waar die kranse antwoord gee,

Engels

Sounds the call to come together,
And united we shall stand,
Let us live and strive for freedom,
In South Africa our land.